

Uittree-annuïteit 'n belangrike element in jou boedelplan

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ons weet almal uittree-annuïteite (UA's) is bedoel om vir aftrede te beplan, maar as 'n instrument in boedelbeplanning? Beslis.

UA's as deel van 'n omvattende boedelplan moenie misgekyk word nie.

In baie gevalle is dit net so goed of selfs beter as die gewilde (soms om ge-waande redes) familietrusts. En met

beter belastingvoordele.

Net eers iets oor boedelbeplanning: Ek wens ek kan dit in meer mense se kop kry dat dit regtig gaan oor meer as om net boedelbelasting te probeer vermy.

'n Sinvolle boedelplan fokus op die skep van rykdom, die voortgesette beskerming van bates, sonder om die persoon van die genietinge daarvan tydens sy lewe te ontnem, doeltreffende erfopvolging en die identifisering en oplossing van finansiële risiko's.

Kom ons meet nou 'n UA aan dié vier doelwitte.

Spaar is die enigste manier waarop jy rykdom kan skep. Glo my, die pad na welvaart is nie net die grootte van

jou salaris nie - dis hoeveel daarvan jy wegsit. Saamgestelde beleggingsgroei sorg vir die res.

Belasting is 'n finansiële risiko en gevolglik is maniere om belastings te beperk, 'n belangrike deel van boedelbeplanning. Hoeveel beter dan om rykdom te kan skep, vry van belasting?

Tot R350 000 of 27,5% van die inkomste per jaar (in totaal vir alle bydraes tot 'n pensioen-tipe fonds) is belasting-aftrekbaar. Jy spaar dus teen jou eie marginale koers. Dít wat jy nie vanjaar kan aftrek nie, is aftrekbaar in volgende jare.

Of al die bydraes aftrekbaar is of nie, is uit 'n boedelbeplanningsoogpunt nie so belangrik nie. Al die groei in jou UA-

belegging is vry van belasting.

Op rente verdien, spaar jy dus ekstra teen jou marginale koers (wat tot 45% kan wees), op kapitaalwinstbelasting (KWB) spaar jy teen tot 18% en op dividende 20%.

Boedelbelasting: 'n UA is buite jou boedel vir boedelbelasting (dis ook beskerm teen skuldeisers).

Maar daardie geld wat nie belasting-aftrekbaar was nie (dit wat meer is as die R350 000 of 27,5% per jaar), val wel in jou boedel en is belasbaar. Maar dit sou in elk geval wees.

In die UA beperk jy die waarde waarop boedelbelasting gehef kan word tot die waarde wat jy belê het. Die groei daarop is buite jou boedel en nie belas-

baar nie. En die groei, soos genoem, is belastingvry. Daar is meer, want as jy aftree, sal dit vir jou 'n belastingvrye pensioen bied.

Erfopvolging: By jou dood is die geld beskikbaar vir jou naasbestaendes as inkomste, of kapitaal. Die belasting, sou hulle van die geld onttrek, word bereken asof jy pas uitgetree het en is dus belasbaar in jou hande, met al die belastingvoordele.

Die voordele van 'n UA omvat al vier die elemente in 'n goeie boedelplan wat ek noem. Dit is nie noodwendig die alfa en omega vir almal nie.

Dis 'n pyl in jou welvaart-arsenaal.

Dis beslis 'n opsie as jy groot bedrae kontant het. As jy laat in jou jare is en

vaste bates het wat jy kan verkoop, bied die UA as 'n belegging groter buig-saamheid en sekerheid vir naasbestaendes. En dit is baie belastingvriendelik.

Boedelbeplanning is belangrik, selfs vir "gewone" salaristrekkers. En ek kan nie genoeg klem hierop plaas nie. Kry tog 'n kundige finansiële raadgewer om jou by te staan. Daar is fynere puntjies wat jy nie wil miskyk nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**